

Vraag 1

Lees die volgende leesstuk en beantwoord die vrae

Vere maak die voëls

Ravi en sy gesin het 'n voëlreservaat besoek.
Hy het baie interessante dinge geleer.

1. Lees die nuwe feite wat Ravi geleer het.



Uil

'n Uil vlieg so stillettjies dat sy prooi hom nie kan hoor aankom nie. Hy het breë vlerke en maak nie 'n geluid as hy vlieg nie. 'n Uil het op verskillende hoogtes aan weerskante van sy gesig splete wat sy ore is. Hy kan die geringste beweging van selfs 'n muis hoor! Uile kan hulle koppe driekwart omdraai en in enige rigting kyk. Hulle kan selfs onderstebo kyk!



Flamink

Die flamink hou daarvan om in vlak water te loop. Hy roer die modderige water om sodat hy klein garnale en plankton kan vang. Die flamink het 'n geronde pienk snawel met 'n swart punt. Hy hou sy bek onderstebo om kos in die water mee te vang.



Aasvoël

Die aasvoël is 'n baie groot voël wat dooie diere eet. Hy kan baie hoog vlieg. Aasvoëls het nie vere op hulle koppe nie sodat hulle binne-in karkasse kan vreet. Die kransaaasvoël kan binnekort uitsterf. Baie van hierdie aasvoëls vrek omdat hulle vergiftigde diere vreet of doodgeskok word terwyl hulle op hoogspanningsdrade sit.



Vink

Die vinkmannetjie weef 'n nes van gras en stroke van palmblare. Nadat hy die nes gemaak het, hang hy onderstebo en klap sy vlerke om te sê dat hy klaar is en 'n maat te soek. Die vinkwyfie spring by die nessesie in om te sien of sy daarvan hou. As sy nie daarvan hou nie, moet hy dit oor bou!

Beantwoord die volgende vrae deur die antwoorde neer te skryf.

1. Hoekom het 'n uil groot, breë vlerke wat geluidloos kan vlieg?
Sodat sy prooi hom nie kan hoor aankom nie.
2. Waarvan bou die vinkmannetjie sy nes?
Die vinkmannetjie gebruik gras en stroke van palmblare.
3. Beskryf hoe lyk 'n flamink se snawel?
'n Flamink het 'n geronde, pienk snawel.
4. Hoekom het aasvoëls nie hare op hul koppe nie?
Sodat die aasvoëls met hul koppe binne-in karkasse (geraamtes) kan eet.
5. Wat gebeur as die vinkwyfie nie van die nes jou wat die vinkmannetjie gebou het nie?
As die vinkwyfie nie van die nes hou nie moet die vinkmannetjie dit oor bou.
6. Wat was die interessantste feit wat jy in hierdie leesstuk gelees het?
Eie antwoord

Klanke – Skryf die meervoude van die volgende woorde neer.

- | | | | |
|--------------|-----------|-----------|---------|
| 1. stoffer | stoffers | 11. stok | stokke |
| 2. paleis | paleise | 12. plant | plante |
| 3. gifpyl | gifpyle | 13. baard | baarde |
| 4. vlerk | vlerke | 14. kleur | kleure |
| 5. prop | proppe | 15. mond | monde |
| 6. sprinkaan | sprinkane | 16. grap | grappe |
| 7. naald | naalde | 17. sif | siwwe |
| 8. golf | golwe | 18. leeu | leeus |
| 9. brood | brode | 19. peer | pere |
| 10. kalf | kalwers | 20. kalf | kalwers |

Taalleer

Leestekens – Skryf die sinne oor en gebruik die korrekte leestekens

- ek dink die laaste dag in oktober is 'n sondag

Ek dink die laaste dag in Oktober is 'n Sondag.

- hou jy van leeus olifante renosters of kameelperde

Hou jy van leeus, olifante, renosters of kameelperde?

Voegwoorde – Maak gebruik van 'n voegwoord om hierdie twee sinne een te maak. (want, maar, en)

- Lisa is siek. Sy gaan dokter toe.

Lisa is siek en sy gaan dokter toe.

- Ek drink water. Ek is dors.

Ek drink water, want ek is dors.

- Jy mag gaan. Jy moet vir juffrou vra.

Jy mag gaan, maar jy moet vir juffrou vra.

Ontkennende vorm – Skryf die volgende sinne oor in die ontkennende vorm

- My huiswerk is gedoen.

My huiswerk is nie gedoen nie.

- Ek hou daarvan om in die tuin te werk.

Ek hou nie daarvan om in die tuin te werk nie.

Woordsoorte

Soek die werkwoord in die sinne en skryf 'n gepaste bywoord vir elke werkwoord.

- Ek skryf elke middag my spelwoorde en dan speel ek in die parkie.

Werkwoord	Bywoord HOE
skryf	netjies / vinnig / slordig ens.
speel	lekker / heerlik ens.

Soek die selfstandige naamwoord in die sinne en skryf 'n gepaste byvoeglike naamwoord by.

- Die sprinkaan spring op die blom.

Selfstandige naamwoord	Byvoeglike naamwoord
sprinkaan	grillerige / groot / klein / groen ens.
blom	kleurvolle / pragtige / interessante ens.

Tye van die werkwoord – Lees die volgende sinne en sê of hulle in die verlede tyd, teenwoordige tyd of toekomstige tyd geskryf is.

- Die seuns ry op hulle fietse. **teenwoordige tyd**
- Mamma het 'n heerlike koek gebak. **verlede tyd**
- Ek sal vir jou 'n stukkie koek bring. **toekomstige tyd**
- Die kinders het 'n wedstryd gespeel. **verlede tyd**
- Ek stuur vir my maatjie 'n boodskap. **teenwoordige tyd**
- Die hond sal vir die skelms blaf. **toekomstige tyd**
- Ouma het vir my 'n geskenk gestuur. **verlede tyd**

Vraagsinne – Maak vraagsinne van die volgende sinne.

- Die baba slaap in sy wiegstoeltjie.

Waar slaap die baba?

- My naam is Anja.

Wat is jou naam?

Antonieme – Skryf die volgende sinne oor sodat dit die teenoorgestelde betekenis het.

- In die winter is dit koud.

In die somer is dit warm.

- My maatjie is lank en hardloop vinnig.

My maatjie is kort en hardloop stadig.

Sinonieme – Skryf woorde wat dieselfde betekenis het.

geskenk – **persent**

beroep – **werk**

nuusblad – **koerant**

voedsel – **kos**

Trappe van vergelyking – Vul die korrekte trappe van vergelyking in.

- Vandag is die koud, gister was dit **kouer** en as dit sneeu is dit die **koudste**.
- My niggie woon in 'n (groot) **groter** huis as ek.
- Ek het baie geld, Jaco het **meer** en die ryk man het die **meeste**.
- Oom Hennie is (doof) **dower** as sy broer.
- Dis die (skaam) **skaamste** kind wat ek ken.

Lettergrepe – Breek die volgende woorde in lettergrepe op.

- flamink – **fla-mink**
- vinkmannetjie – **vink-man-ne-tjie**
- binnekort – **bin-ne-kort**
- geronde – **ge-ron-de**
- snawel – **sna-wel**